Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

# Kommunikasiereglement



Maart 2023

forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe

# Kommunikasiereglement

| | |
|---|---|
| **Dokument Tipe:** | Reglement |
| **Doel:** | Die oogmerk van hierdie Reglement is om die grondslag te lê vir 'n stel bestuursdokumente wat met kommunikasie aan die Universiteit Stellenbosch (US) verband hou; om kommunikasie-verwante handelings deur US-personeel en -studente in die openbare sfeer te **stuur**; om institusionele kommunikasie namens die US en entiteite wat aan die US verbonde is, te **reguleer**; en om onderlinge afhanklikheid tussen hierdie Reglement end tersaaklike oorsigbestuurs- en bestuursmeganismes te **vestig**. |
| **Goedkeuring:** | Rektoraat |
| **Goedkeuringsdatum:** | 22 Maart 2023 |
| **Implementeringsdatum:** | 1 April 2023 |
| **Hersieningsdatum / Hersieningsfrekwensie:** | Minstens een keer tydens die vyfjaar-hersieningsiklus |
| **Vorige weergawes:** | Geen – nuwe reglement |
| **Eienaar[1]:** | Viserektor: Strategie, Globale en Korporatiewe Sake |
| **Kurator[2]:** | 'n Aangewese personeellid van die Afdeling Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking (KKB) |
| **Sleutelwoorde:** | akademiese of professionele kommunikasie; Institusionele Komitee vir Kommunikasie en Bemarking; institusionele kommunikasie (namens die US); kommunikasieverwante handelings; krisis- en kwessieskommunikasie; kommunikasie-verwante bestuursdokumente (ondersteunende dokumente); persoonlike mening; reputasieskade; sosialemediakanale; US-woordvoerder; VS-spesifieke kommunikasie |
| **Geldigheid:** | In geval van verskille ten opsigte van interpretasie, word die Engelse weergawe van hierdie reglement as die geldende weergawe aanvaar en die Afrikaanse weergawe as die vertaling. |

[1] Eienaar: Hoof(de) van Verantwoordelikheidsentrum(s) waarin die reglement funksioneer.

[2] Kurator: Administratiewe hoof van die afdeling verantwoordelik vir die inbedryfstelling en handhawing van die beleid.

# Kommunikasiereglement

| | |
|---|---|
| **Soort dokument:** | Reglement |
| **Doel:** | Die oogmerk van hierdie Reglement is om die grondslag te lê vir 'n stel bestuursdokumente wat met kommunikasie aan die Universiteit Stellenbosch (US) verband hou; om kommunikasie-verwante handelings deur US-personeel en -studente in die openbare sfeer te **stuur**; om institusionele kommunikasie namens die US en entiteite wat aan die US verbonde is, te **reguleer**; en om onderlinge afhanklikheid tussen hierdie Reglement en tersaaklike oorsigbestuurs- en bestuurs-meganismes te **vestig**. |
| **Goedgekeur deur:** | Rektoraat |
| **Goedkeuringsdatum:** | 22 Maart 2023 |
| **Datum van implementering:** | 1 April 2023 |
| **Datum van volgende hersiening:** | Minstens een keer tydens die vyfjaar-hersieningsiklus |
| **Verbandhoudende dokumente:** | Die Reglement is met die SA Grondwet en verskeie US-beleide, -reëls en -kodes belyn, en word deur 'n stel kommunikasieverwante bestuursdokumente ondersteun. Skakels word verskaf waar die Reglement na dokumente verwys. |
| **Eienaar van die Reglement:**[1] | Viserektor: Strategie, Globale en Korporatiewe Sake |
| **Kurator van die Reglement:**[2] | 'n Aangewese personeellid van die Afdeling Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking (KKB) |
| **Trefwoorde:** | akademiese of professionele kommunikasie; Institusionele Komitee vir Kommunikasie en Bemarking; institusionele kommunikasie (namens die US); kommunikasieverwante handelings; krisis- en kwessieskommunikasie; kommunikasie-verwante bestuursdokumente (ondersteunende dokumente); persoonlike mening; reputasieskade; sosialemediakanale; US-woordvoerder; VS-spesifieke kommunikasie |
| **Geldigheid:** | Die Engelse weergawe van hierdie Reglement is die geldende teks, en die Afrikaanse weergawe is die vertaling. |

[1] Eienaar van die Reglement: hoof(de) van die verantwoordelikheidsentrum(s) waarbinne die Reglement funksioneer.

[2] Kurator van die Reglement: die administratiewe hoof van die entiteit wat vir die deurvoering en instandhouding van die Reglement verantwoordelik is, of 'n aangewese personeellid binne die bepaalde entiteit.

# Inhoudsopgawe

1. **Inleiding** ........ 3

2. **Doel** ........ 3

3. **Beginsels** ........ 3

4. **Oogmerke** ........ 4

5. **Bepalings** ........ 4

5.1 Algemeen........ 5

5.2 Kommunikasie namens die US of verbonde entiteite ........ 5

5.3 Akademiese of professionele Kommunikasie/persoonlike mening ........ 6

6. **Nienakoming en beslegting** ........ 7

7. **Oorsigbestuur** ........ 7

8. **Hersiening**........ 8

9. **Openbaarmaking** ........ 8

10. **Kommunikasieverwante bestuursdokumente** ........ 8

# 1. Inleiding

Institusionele kommunikasie is, in die konteks van die Universiteit Stellenbosch (US), daarop ingestel om belanghebbendes in te lig en inligting aan hulle beskikbaar te stel; om die US se institusionele reputasie, handelsmerk en beeld te beskerm en te bevorder; om die instelling voordelig te posisioneer; en om die uitmuntende prestasies van akademiese, professionele en tegniese personeel aan die US in die kollig te plaas.

Die US bevorder die reg op akademiese en intellektuele vryheid asook vryheid van uitdrukking soos in die Suid-Afrikaanse Grondwet vervat (in die besonder die reg op privaatheid; vryheid van uitdrukking, wat die vryheid van die pers en ander media insluit; akademiese vryheid; vryheid in wetenskaplike navorsing en artistieke kreatiwiteit; en die vryheid om inligting of idees te ontvang of oor te dra). Hierdie regte moet egter met verantwoordelikheid en openbare verantwoordbaarheid uitgeoefen word, met inagneming van die inherente risiko's vir die individu sowel as die instelling.

Die Reglement is op alle personeel en studente in kontekspesifieke situasies van toepassing soos hier onder in die dokument uiteengesit.

# 2. Doel

In aansluiting by *Kode 2040: US se Geïntegreerde Etiese Kode*, wat daarop ingestel is om die handelings van personeel en studente te stuur en oorsigbestuur daaroor uit te oefen, het die Reglement die volgende ten doel:

2.1 om 'n oorkoepelende struktuur en meganisme te verskaf waarvolgens die instelling verbandhoudende bestuursdokumente kan ontwikkel wat, op hulle beurt, die praktiese inwerkingstelling van die Reglement fasiliteer;

2.2 om kommunikasieverwante handelings deur personeel en studente in die openbare domein te stuur;

2.3 om institusionele kommunikasie te reguleer wat namens die US en die onderskeie entiteite wat aan die US verbonde is[3], geskied; en

2.4 om onderlinge afhanklikheid tussen die Reglement en ander oorsigbestuurs- en bestuursmeganismes te vestig deur kommunikasieverwante wangedrag en gepaardgaande strafmaatreëls te omskryf.

# 3. Beginsels

Hierdie Reglement funksioneer volgens die onderstaande beginsels:

3.1 is met die SA Grondwet, die *US Statuut*, die *US se visie, missie en institusionele strategiese doelstellings* en *Kode 2040: US se Geïntegreerde Etiese Kode* belyn;

3.2 inkorporeer die US se verbintenis daartoe om 'n inklusiewe kampusgemeenskap tot stand te bring deur middel van kommunikasie wat gevoelig is vir mense wat met gestremdhede saamleef; wat bewus is van rasse-, gender-, godsdienstige en kulturele diversiteit; en wat daarna streef of regverdig, onpartydig en billik te wees; en

[3] Hierdie entiteite sluit onder meer die volgende in: oorsigbestuurstrukture, fakulteite, PASD- (professionele en administratiewe steundienste-)afdelings, skole, sentrums, institute, Maties Sport, Woordfees, die US Koor, studentestrukture, koshuise, klusters, privaat wyke en verenigings, en kommersiële entiteite wat volledig aan die US behoort, soos die Neelsie Studentesentrum en die US Botaniese Tuin.

3.3 fasiliteer gepaste optrede in gevalle van kommunikasieverwante wangedrag, soos bepaal deur ander tersaaklike institusionele oorsigbestuurs- en bestuursmeganismes, onder meer die *US Dissiplinêre Kode vir Studente,* die *US Diensvoorwaardes* [4], die *Dissiplinêre Kode: Reëls rakende Dissiplinêre Optrede teen Personeellede*; die *Beleid oor Onbillike Diskriminasie en Teistering* en die *Studentegrondwet van die Universiteit Stellenbosch*.

# 4. Oogmerke

Die Kommunikasiereglement wil 'n grondslag vir die volgende lê:

4.1 onderskeiding tussen uitsprake wat namens die US (of 'n entiteit wat aan die instelling verbonde is) gemaak word; uitsprake of kommentaar wat op 'n akademiese dissipline of kundigheidsgebied begrond is; en persoonlike menings oor algemene sake en aktuele kwessies;

4.2 'n begrip van die implikasies daarvan dat die kommunikeerder onvermydelik met die instelling verbind word, selfs wanneer 'n uitspraak in persoonlike hoedanigheid gemaak word;

4.3 bewusmaking van die moontlike bedryfs- en reputasieskade (of albei), regsimplikasies en moontlike onvoorsiene gevolge van openbare uitsprake of kommentaar;

4.4 die mandaat, rol en verantwoordelikhede van amptelike US-woordvoerders;

4.5 die onderskeie ondersteunende dokumente (protokolle, reëls en riglyne) wat met die Reglement belyn is en die deurvoering daarvan fasiliteer;

4.6 konsekwente en gekoördineerde kommunikasie vanuit 'n gesentraliseerde bron tydens krisisse of voorvalle wat verg dat 'n kwessie gefokusd bestuur word;

4.7 ander verbandhoudende institusionele oorsigbestuurs- en bestuursmeganismes of -dokumente wat verwante onvanpaste handelings omskryf en strafmaatreëls vir nienakoming voorskryf; en

4.8 institusionele belyning en die verskaffing van kommunikasieverwante opleiding en ondersteuningsmeganismes vir individue wat die mandaat het om namens die US te kommunikeer.

# 5. Bepalings

## 5.1 Algemeen

5.1.1 Alle uitsprake, in enige hoedanigheid en op enige platform, wat met die US en die Universiteitsgemeenskap verband hou moet met *Kode 2040: die US se Geïntegreerde Etiese Kode* belyn wees, asook met die institusionele waardes van uitnemendheid, agting, gelykheid, deernis en verantwoordbaarheid.

5.1.2 Wanneer 'n krisis of groot bedryfs- of reputasiekwessie sigself voordoen, val alle kommunikasie – ook via sosiale media – terug na die Viserektor of Rektoraatslid met die mandaat daartoe, bygestaan deur die Afdeling Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking (KKB).

5.1.3 Personeel, studente en genote van die US en entiteite wat aan die US verbonde is, moet ooreenkomste en verwagtings rakende vertroulikheid

---

[4] Diensvoorwaardes

- **CS0051** – Diensvoorwaardes vir navorsings- en steundienspersoneel,
- **CS0052** – Diensvoorwaardes vir tydelike personeel,
- **CS0053** – Diensvoorwaardes vir doserende personeel.

nakom, en mag inhoud oor Universiteitsake op openbare platforms bekendmaak slegs nadat die Universiteit die inligting amptelik vrygestel het.

5.1.4 Niemand mag hulle verbintenis met die US misbruik om hulle persoonlike belange of die beweegredes van organisasies buiten amptelike US-entiteite te bevorder nie.

5.1.5 Alle sosialemediagebruikers (US-verwant óf privaat) moet hulle vergewis van wat as vanpaste en onvanpaste aanlyn gedrag beskou word, en die moontlike slaggate en risiko's van onoordeelkundige en onverantwoordelike gebruik (verwys na **par. 3.3**) vermy.

## 5.2 Kommunikasie namens die US of verbonde entiteite

5.2.1 Slegs personeellede wat ooreenkomstig die US Delegasieraamwerk of hierdie Reglement die mandaat daartoe het, asook aangewese persone, mag in die openbare domein uitsprake maak namens die SU of die onderskeie afdelings wat die instelling uitmaak. Dit geld alle kommunikasiekanale en -platforms, ook sosiale media.

### 5.2.1.1 Rektor, Rektoraat en gedelegeerde gesag

Kommunikasie namens die US as instelling is die primêre verantwoordelikheid van die Rektor en Visekanselier, Rektoraatslede of die voorsitters van die onderskeie oorsigbestuurstrukture, ondersteun deur die KKB. Die Delegasieraamwerk benoem die Rektor en Visekanselier as primêre institusionele woordvoerder, en die Rektor mag sodanige verantwoordelikhede delegeer wat die Rektor as nodig en gepas beskou. Rektoraatslede het op hulle beurt die mandaat om uitsprake goed te keur en as woordvoerders op te tree vir die funksies wat onder hulle onderskeie verantwoordelikheidsentrums (VS'e) ressorteer. Hierdie verantwoordelikhede mag vir 'n sekere aangeleentheid gedelegeer word soos nodig.

### 5.2.1.2 Oorsigbestuurstrukture

Die institusionele Statuut gee die voorsitters van US-oorsigbestuurstrukture die mandaat om met belanghebbendes te kommunikeer en openbare uitsprake te maak soos in hulle onderskeie grondwette en/of reëls voorsien. Dit geld aangeleenthede wat die spesifieke struktuur hanteer; institusionele aangeleenthede, daarenteen, word soos per 5.2.1.1 gehanteer. Die voorsitters van substrukture wat met sulke oorsigbestuursliggame verband hou (bv. subkomitees) beskik nie oor die mandaat om sodanige openbare uitsprake te maak nie.

### 5.2.1.3 Kommunikasie deur Verantwoordelikheidsentrum

Die primêre verantwoordelikheid vir operasionele kommunikasie wat spesifiek is tot 'n Verantwoordelikheidsentrum (VS) of ander kleiner entiteite (bv. akademiese departemente, PASD-afdelings, studenteadministrasie, skole, sentrums, institute, Innovus, Studentesake en Maties Sport) berus by die betrokke hoof (bv. die VS-hoof, fakulteitsdekaan of PASD-afdelingshoof) of die personeellede wat deur hulle aangewys is. Dit behels kommunikasie wat verband hou met operasionale en algemene sake wat binne die bestek van die betrokke VS, afdeling, departement of eenheid val.

Dit sluit egter kommunikasie oor institusionele sake uit. In gevalle waar 'n operasionele aangeleentheid 'n institutionele of 'n reputasie-risiko vir die instelling inhou, moet die verwante VS-hoof en die Afdeling Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking ingelig word om hulp te verleen/die kommunikasie namens die Universiteit Stellenbosch te behartig (verwys ook

na 5.2.1.1). Die verwante ondersteunende dokumente sal verdere besonderhede en riglyne vir die inwerkstelling bevat.

#### 5.2.1.4 Studentestrukture

Die voorsitters (of aangewese lede) van studenteliggame wat ingevolge die US Studentegrondwet geregistreer is, mag verklarings uitreik of as woordvoerder optree namens die besondere liggaam wat hulle verteenwoordig – byvoorbeeld, die Studenteraad (SR); die Tygerberg Studenteraad (TSR); die Akademiesebelangeraad (ABR); die Primkomitee; die Seniorprimkomitee; die Verenigingsraad; studentekomitees aan fakulteite; koshuis-, kluster- en PSO-komitees; en komitees van studenteverenigings.

5.2.2 Afdeling Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking

Die KKB is die primêre entiteit vir interne en eksterne kommunikasie oor institusionele aangeleenthede, wat proaktiewe en reaktiewe mediaskakeling insluit. As deel van die kommunikasieverwante steun wat die Afdeling aan die kampusgemeenskap bied, is die KKB daarvoor verantwoordelik om kommunikasieverwante opleiding te verskaf (bv. hoe om met die media om te gaan, beste praktyke vir sosiale media en die bestuur van webwerfinhoud); om moniteringsdienste vir institusionele media en sosiale media te lewer; en om kommunikasieverwante bestuursdokumente saam te stel (bv. protokolle, reëls en riglyne ter ondersteuning van hierdie Reglement). Hierin werk die KKB saam met die tersaaklike interne belanghebbendes; die Afdeling pleeg in die besonder oorleg met die Institusionele Komitee vir Kommunikasie en Bemarking – 'n verteenwoordigende liggaam vir personeel wat vir kommunikasie- en bemarkingverwante bedrywighede binne fakulteite, VS'e en PASD-afdelings verantwoordelik is – en ander entiteite Universiteitswyd.

5.2.3 Amptelike sosialemediakanale

Slegs personeel en studente wat formeel daartoe gemagtig is om 'n institusionele sosialemediaplatform of 'n entiteits-/groepsplatform te bestuur, mag hulle as sodanig op daardie platform voorhou. Alle US-geaffilieerde sosialemediaplatforms – ook dié van geregistreerde studenteverenigings, koshuise en sportkodes – moet die handelsmerk vertoon soos in die US Handelsmerkhandleiding bepaal word, via die behoorlike interne kanale geregistreer wees en aktief bestuur word ooreenkomstig die US Protokol vir Sosialemediaskakeling en ander tersaaklike beleide en riglyne.

## 5.3 Akademiese of professionele kommunikasie of **persoonlike menings**

5.3.1 Wanneer personeel en studente op enige openbare platform kommentaar lewer, moet hulle daarvan bewus bly dat hulle in die openbaar sigbaar met die US verbind word en wat hulle verpligtings en wetlike aanspreeklikheid is ingevolge die SA Grondwet, SA wetgewing, die vereistes inherent aan hulle indiensnemings- of professionele vertrouensverhouding met die US, vertroulikheidsvereistes, en toepaslike US-oorsigbestuurs- en -bestuursmeganismes.

5.3.2 Wanneer personeel dissiplinespesifieke menings op grond van erkende professionele kundigheid óf persoonlike menings oor aktuele sake uitspreek, moet hulle redelike maatreëls tref om verwarring te voorkom deur dit duidelik te stel (by wyse van hetsy skriftelike of mondelinge verklarings) in watter hoedanigheid hulle aan die openbare gesprekvoering deelneem.

5.3.3 Wanneer hulle hulle oor sake rakende oorsigbestuur/bestuur aan die US, institusionele standpunte of besluite deur die Raad of die Rektoraat uitlaat, moet persone wat kommentaar lewer:

5.3.3.1 sorg dat hulle met die betrokke onderwerp bekend is om sodoende te verseker dat die inhoud of die US se standpunt akkuraat weergegee word; en

5.3.3.2 aandui dat hulle 'n persoonlike siening verwoord wat van die Universiteit se amptelike standpunt mag verskil.

5.3.4 Aangesien verbondenheid aan die US maklik herkenbaar is, veral op sosiale media, moet personeel en studente hulle weerhou van optrede wat die US of 'n lid van die US-gemeenskap sou kon benadeel of die Universiteit se aansien of reputasie sou kon aantas (verwys na par. 3.3).

5.3.5 Enige vorm van aanlyn boeliegedrag, kwetsende taal, naamskending, lastering, diskriminerende wangedrag of enige wangedrag soos in die SA Grondwet, SA wetgewing of die onderskeie dissiplinêre kodes vir US-personeel en -studente omskryf, is ewe onaanvaarbaar op sosialemediaplatforms as wat dit in lewende lywe of skriftelike kommunikasie die geval is, en is dus aan die toepaslike strafmaatreëls onderhewig.

5.3.6 Persoonlike handelings op sosiale media moet afsonderlik van amptelike US-kommunikasie gehou word. Simbole van die US-handelsmerkidentiteit mag nie op persoonlike sosialemediaplatforms gebruik word nie, en US-nuus mag op sosialemediaplatforms geplaas word eers nadat die Universiteit dit amptelik vrygestel het.

# 6. Nienakoming en beslegting

Die fokus van hierdie Reglement is om kommunikasieverwante bedryfs- en reputasieskade te voorkom en te herstel. Wanneer sodanige skade in die openbare domein aangerig is, is die hoogste prioriteit om die impak sover moontlik te beperk, en daarna om die kommentators wat aan nienakoming skuldig is, te hanteer en verdere stappe in te stel soos nodig.

## 6.1 Personeel

Nienakoming van die Reglement deur personeellede word gehanteer soos in die *US Diensvoorwaardes*[5] en die *Dissiplinêre Kode: Reglement insake Dissiplinêre Optrede teen Personeellede* uiteengesit.

## 6.2 Studente

Nienakoming van die Reglement deur studente word in die *US Dissiplinêre Kode vir Studente* gehanteer.

# 7. Oorsigbestuur

Funksies en verantwoordelikhede

7.1 Die Viserektor: Strategie, Globale en Korporatiewe Sake is die eienaar van hierdie Kommunikasiereglement, en is daarvoor verantwoordelik om die

[5] **Diensvoorwaardes**
- **CS0051** – Diensvoorwaardes vir navorsings- en steundienspersoneel
- **CS0052** – Diensvoorwaardes vir tydelike personeel
- **CS0053** – Diensvoorwaardes vir doserende personeel.

funksies te verrig wat ingevolge die ander bepalings van hierdie Reglement deur dié ampsbekleër verrig moet word, sowel as die volgende bykomende funksies:

7.1.1 om leiding vir die vertolking en deurvoering van hierdie Reglement te verskaf;

7.1.2 om hersiening van hierdie Reglement te onderneem en daaroor toesig te hou;

7.1.3 om 'n kurator vir hierdie Reglement vanuit die Afdeling Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking aan te stel en oor die funksionering van die kurator toesig te hou;

7.1.4 om hierdie Reglement vry te stel en te kommunikeer, en om die doeltreffende deurvoering daarvan te moniteer; en

7.1.5 om oor die funksionering van die Institusionele Komitee vir Bemarking en Kommunikasie toesig te hou, indien dit gestig word.

7.2. Die kurator vir hierdie Reglement dra die volgende verantwoordelike:

7.2.1 om as voorsitter van die Institusionele Komitee vir Bemarking en Kommunikasie op te tree en dit te bestuur, indien die Komitee gestig word.

7.2.2 om die Universiteit se beplannings- en bestuursprosesse rakende kommunikasie en bemarking te koördineer, daaroor toesig te hou en dit te moniteer;

7.2.3 om bewustheid oor die Reglement te skep; en

7.2.4 om die taakspan(ne) vir die hersiening van hierdie Reglement byeen te roep wanneer sodanige hersieningsproses onderneem word.

7.3 Die Institusionele Komitee vir Kommunikasie en Bemarking (indien dit gestig word) is vir die oorsigbestuur van kommunikasie- en bemarkingverwante aangeleenthede aan die Universiteit verantwoordelik, wat die deurvoering van hierdie Reglement insluit.

# 8. Hersiening

Hierdie Reglement word volgens die vyfjaar-oorsigbestuursiklus hersien. Sou die Raad 'n Kommunikasiebeleid aanvaar, moet hierdie Reglement met sodanige Beleid belyn of daardeur vervang word.

# 9. Openbaarmaking

'n Afskrif van die Kommunikasiereglement sal op die US-webwerf beskikbaar wees.

# 10. Kommunikasieverwante bestuursdokumente

Kommunikasieverwante bestuursdokumente (ondersteunende dokumente) sluit protokolle, reëls, riglyne, gidse en handleidings in wat die deurvoering van die Kommunikasie-reglement ondersteun. Die Afdeling Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking sal sodanige ondersteunende dokumente ontwikkel in samewerking en in konsultasie met die tersaaklike groepe belanghebbendes.